higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 2

(11020252)

18 November 2019 (Y-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Spoorvervoer is kwesbaar vir verkeersopeenhopings.

1.2 Vervoer is een van die dienste wat na 'n ander maatskappy uitgekontrakteer kan word.

1.3 Inventarisbeheer is die vermoë om te weet hoeveel voorraad ('inventory') daar in die besigheid is.

1.4 Om vragversekering te reël is 'n funksie wat in 'n pakhuis verrig word.

1.5 Voorraad verwys na items in die stoor wat aan kliënte verkoop kan word.

1.6 Interne kliënte is mense van buite die maatskappy.

1.7 Vragverspreidingsdienste is nodig om lewertyd ('lead time') te verminder.

1.8 Vaste kapitaal is die geld wat benodig word om bedryfsbates koop.

1.9 Die hoofinkomstestrome in vraglogistiek sluit berging ('warehousing') en verspreiding in.

1.10 Kwalifikasies en ervaring op bestuursvlak is nodig om sukses in hierdie bedryf te behaal.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n term vanuit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Het te doen met die werklike verkryging van hulpbronne, vervoer en verspreiding van goedere na die regte plek op die regte tyd	A	bestelling
2.2	Bedrag wat betaal moet word om iets wat met die besigheid verband hou te koop	B	finansies
2.3	Is 'n ketting van gebeure wat begin met onverwerkte rou materiale en eindig by die kliënt wat die voltooide goedere gebruik	C	bestellingsprosessering
2.4	'n … begin die prosesse in 'n pakhuis	D	aflandiging ('offshoring')
2.5	Word gedoen wanneer slegs 'n klein gedeelte van voorraad ('inventory') op enige gegewe dag getel word	E	veranderlike kostes
2.6	Dokument wat tydens verspreiding gebruik word	F	logistiek
2.7	Wanneer 'n maatskappy sekere funksies aan 'n maatskappy in 'n ander land uitkontrakteer	G	fisiese voorraadtelling ('inventory count')
2.8	Voorbeelde is huur, salarisse en waardevermindering	H	koste
2.9	Koste aangegaan vir die vervoer van goedere	I	verskaffingsketting
2.10	Is verantwoordelik vir die finansiële welstand van die organisasie	J	reisstaat ('trip sheet')
		K	siklustelling
		L	vaste kostes
		M	vragkostes

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die volgende terme:

3.1.1 Waarde toevoeg

3.1.2 Berging

3.1.3 Verpakking

3.1.4 Uitkontraktering

(4 × 2) (8)

3.2 Waarvoor staan die volgende akronieme?

3.2.1 GRS

3.2.2 SAA

3.2.3 PL

(3 × 1) (3)

3.3 Bestudeer die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

NUWE DURBAN–JOHANNESBURG-PYPLYN VERVOER 1M LITER BRANDSTOF ELKE UUR

Transnet se veelvuldige produkpyplyn tussen Durban en Johannesburg is opgegradeer. Dis Suid-Afrika se ingewikkeldste brandstofpyplyn en een van die logistiekmaatskappy se grootste kapitaalbeleggingsportfolios op die kontinent teen R30 biljoen.

Die projek is daarop gemik om 'n konsekwente, doeltreffende brandstoftoevoer aan Gauteng en omstreke te verseker. Met die loksin 'Die toekoms is hier', is die baanbrekerfasiliteit, Jamesonpark Binnelandse Terminaal, in Heidelberg oopgemaak.

Dit het die vermoë om 1 miljoen liter petrol elke uur te vervoer en sal Transnet toelaat om petrol, diesel en vliegtuigbrandstof gelyktydig te vervoer.

[*Bron: https://www.enca.com]*

3.3.1 Waarna verwys die term *pyplynvervoer*? (2)

3.3.2 Verduidelik DRIE sterkpunte van pyplynvervoer. (3 × 2) (6)

3.3.3 Noem TWEE produkte uit die uittreksel wat deur die Transnet-pyplyn vervoer word. (2)

3.3.4 Identifiseer DRIE sleutelspelers in pyplynvervoer. (3)

[24]

VRAAG 4

4.1 Doeltreffende pakhuisdienste saam met 'n gladde lewering van kommoditeite is noodsaaklik vir sukses in goedere- en kommoditeitshandel.

4.1.1 Noem TWEE nadele van 'n swakbestuurde pakhuis. (2)

4.1.2 Gee 'n kort uiteensetting van VIER voordele aan die gebruik van vragverspreidingsdienste. (4 × 2) (8)

4.1.3 Gee TWEE soorte dokumente wat tydens verspreiding gebruik kan word. (2)

4.2 Noem TWEE maniere hoe kliënte se bestellings ontvang kan word. (2)

4.3 As jy 'n logistiekbesigheid bestuur, is voorraadbeheer ('inventory control') 'n nodige aktiwiteit wat elke nou en dan gedoen moet word.

4.3.1 Verduidelik die verskil tussen inventaris en voorraad. (4)

4.3.2 Gee TWEE redes waarom voorraadouditering ('inventory auditing') nodig is. (2 × 2) (4)

4.3.3 Noem DRIE soorte voorraad ('inventory') wat in 'n pakhuis aangetref word. (3)

4.3.4 Noem TWEE metodes wat gebruik kan word om voorraadbeheer ('inventory control') per hand te doen. (2)

4.4 Dui DRIE funksies van verpakking aan. (3)

4.5 Gee TWEE soorte instandhouding. (2)

[32]

VRAAG 5

5.1 Gebruik die inligting hier onder en beantwoord die vrae.

ITEM	KOSTEGEDEELTE
Mannekrag	R200 000
Huur	90 000
Verbruiksgoedere	10 000
Diesel	120 000
Instandhouding	50 000

5.1.1 Bereken die besigheid se totale uitgawes. Toon ALLE berekenings. (6)

5.1.2 Watter persentasie van die totale uitgawes beloop mannekragkoste? (3)

Kopiereg voorbehou

5.1.3 Wat is die laagste uitgawe in hierdie besigheid? (1)

5.1.4 As die totale inkomste R700 000 is, bereken die wins/verlies van die besigheid. (3)

5.2 Onderskei tussen vaste en veranderlike kostes. Gee 'n voorbeeld van elk. (2 × 2) (4)

5.3 Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord die vrae.

BEKWAME PAKHUISASSISTENTE

MAATSKAPPY: SMPP BUILDERS
POSTITEL: PAKHUISASSISTENT
LIGGING: OOSRAND, GAUTENG
SALARIS: R10 000 PER MAAND
SLUITINGSDATUM: 30-06-2018

Ons kliënt is dringend op soek na vier bekwame pakhuisassistente.
NOODSAAKLIKE VAARDIGHEDE EN EIENSKAPPE:
- Vlak 4 in Vervoer en Logistiek
- 2 jaar ervaring in berging ('warehousing')
- Basiese rekenaarvaardighede, insluitend MS Word-, Excel- en Outlook-ervaring
- Ervaring met die nagaan, laai en aflaai van voorraad

Suksesvolle aansoekers sal verantwoordelik wees vir:
- Behoorlike inventarisasie en koördinasie van aflewerings
- Nagaan van goedere
- Voorbereiding van pakkies vir verskeping en posversending
- Die skoonmaak van die pakhuis

5.3.1 Wat is die postitel? (1)

5.3.2 Gee TWEE posverantwoordelikhede. (2)

5.3.3 Identifiseer DRIE posvereistes. (3)

5.3.4 Wat is die maandelikse salaris vir hierdie posisie? (1)
[24]

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou